PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com

Omsendskrywe 007 – 2021

12 Maart 2021

Geagte ouers

INSAKE: BESTUUR VAN VOERTUIE SONDER LISENSIES

Daar is ‘n kommerwekkende tendens van leerders wat motors bestuur, sonder lisensies met ouers se toestemming. Die probleem vergroot wanneer hierdie leerders begin om hulle maats ook op te laai en rond te karwei. Dit gebeur ook nie net in die middae na skool nie, maar sommige ouers begin hulle kinders selfs skool toe stuur, sonder wettige lisensies.

Daar is reeds persoonlik met verskeie leerders en ouers hieroor gepraat, maar daar word nie gehoor gegee aan waarskuwings nie.

Neem kennis:

1. Die Verkeersafdeling en Polisie in Outjo is bedagsaam genoeg om ons te bly waarsku en het tot dusver nie opgetree nie. Hulle gaan egter nou ernstig begin, omdat hierdie saak vanuit ons gemeenskap onder hulle aandag gebring is.

2. Ons moet die volgende asb. goed verstaan:

   - Hierdie optrede is ‘n oortreding van ‘n landswet
   - ‘n Leerlinglisensie bemagtig niemand om ‘n voertuig alleen te hanteer nie
   - Daar kan nie van Moria verwag word om die oortreding van ‘n landswet goed te keur nie – dit het daadwerklike gevolge vir die hele skool en skoolgemeenskap
   - Moria kan nie verantwoordelikheid neem vir persoonlike omstandighede by huise vir oplaai en aflaai van leerders nie.

3. Ek wil graag ‘n oproep doen aan almal in ons skoolgemeenskap: Werk asb. saam om hierdie situasie aan te spreek en onmiddellik hiermee te staak. Die hele situasie veroorsaak nie net ongemak tussen die leerders en personeel en gemeenskap nie, maar hou ‘n gevaar in vir die kind agter die stuurwiel en al die ander mense rondom hulle.

4. Spreek asb. hierdie ouers en leerlinge self ook aan wanneer u hulle gewaar. Op hierdie stadium kom praat baie mense by die skool en menige mense verwag van Moria om die probleem man-alleen op te los. Hierdie is tog ‘n gemeenskapsaak en ek vertrou ons het genoeg integriteit en vrymoedigheid met mekaar in ons pragtige dorpie en hegte gemeenskap om die regte ding te doen.

5. Neem kennis dat Moria nie ‘n Wetstoepassingsinstansie is nie en nie verkeerspolisie gaan aanstel of ‘n noodlyn gaan oopmaak waar die publiek leerders en ouers kan aankla nie.

6. Neem egter kennis dat Moria dissiplinêr sal moet optree teenoor leerders wat hierdie landswet bly oortree, veral rondom ons skoolgronde en tydens skoolaktiwiteite. Tot op hierdie stadium het Moria nie leerders gestraf vir ouers wat oortreding van landswette goedkeur nie – dit is egter standaard en sinvolle praktyk van enige opvoedkundige instansie om die lewens van hulle leerlinge en gemeenskap te beskerm deur die oortreding van landswette dissiplinêr aan te spreek.

7. Enige navrae en onduidelikheid oor die wetlike aspek en gevare van die probleem kan gerig word aan sersant Koos Swarts (081) 124 2055 - hy is bereid om u vrae te antwoord rondom die landswet en wetstoepassing in hierdie saak. Ek het met hom ooreengekom om u by te staan.

Weereens dankie dat u Moria se posisie verstaan. Help asb. om die uitdaging die hoof te bied.

Vriendelike groete

……
Neil Prinsloo
Skoolhoof